

Chris Jones*

[Vryheidsdag](#), wat elke jaar op 27 April gevier word, is 'n baie belangrike dag op ons nasionale almanak, want dit herinner ons aan die eerste demokratiese verkiesing in ons land wat op hierdie dag in 1994 plaasgevind het.

Terwyl ek hierdie artikel vir Vryheidsdag beplan het, het ek weer die notas opgediep wat ek neergepen het nadat ek 28 jaar gelede aan die eerste nie-rassige verkiesing in ons land deelgeneem het. Ek het aantekeninge gemaak oor my ervaring, aangesien ek in daardie stadium aan my doktorsgraad in Teologiese Etiek en Menseregte gewerk het. Ek het onder meer op die konsepweergawe van die Handves van Regte gefokus wat deur die Konstitusionele Komitee van die ANC voorberei is.

Ek het twee stelle aantekeninge gehad. Die een was lank en het op al die moontlike voordele van die nuwe Suid-Afrika gefokus. Die ander een was kort – dit het gewys op alles wat verkeerd kon loop. Ek moet erken, ek was taamlik huiwerig om laasgenoemde neer te skryf, want ek het vas geglo die nuwe Suid-Afrika sou een van [heropbou](#), nasiebou, die bevordering van [menseregte](#) en grondwetlike demokrasie wees.

Een van my eerste opmerkings in bogenoemde aantekeninge het verwys na die feit dat apartheid nie net moreel en polities misluk het nie, maar elkeen van ons skade berokken het – die onderdrukker asook die onderdruktes. Mense moes soveel onsigbare beserings hanteer. Ek het geweet ons het 'n Suid-Afrika nodig waar ons ons siel kon genees, ons vertrouwe kon herstel en ons geloof kon toelaat om te floreer.

Ten slotte ...

Sterk grondwette soos ons s'n vereis dapper regters. Gelukkig is die regterlike gewete in Suid-Afrika steeds stewig in ons grondwet se beginsels ingewortel en dít moet op Vryheidsdag gevier word.

- Klik [hier](#) om die volledige artikel soos geplaas te lees.

****Dr Chris Jones is hoof van die Eenheid vir Morele Leierskap in die Fakulteit Teologie aan die Universiteit Stellenbosch.***